

# Literêr-teoretiese Benaderings tot Literatuurstudie in die Tagtiger- en Negentigerjare

Unisa se Departement Algemene Literatuurwetenskap, Suid-Afrikaanse Vereniging vir Algemene Literatuurwetenskap (SAVAL) en *Journal of Literary Studies/Tydskrif vir Literatuurwetenskap (JLS/TLW)*

Vir Andries—jy het nie net ons aktiwiteite ondersteun nie, maar ook ons denke verruim met jou kritisiekontekstuele vrae. Ina

**Ina Wolfaardt-Gräbe**

Hoofredakteur: Tydskrif vir Geesteswetenskappe  
Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns  
Pretoria, Suid-Afrika  
publikasies@akademie.co.za

## Abstract

In this article, entitled *Literary-theoretical Approaches to Literary Studies in the Eighties and Nineties*, I express my appreciation for the contribution of numerous role players, especially that of Andries Walter Oliphant. He has supported our activities, expanded our thoughts and inspired us through his expert involvement in the Department Theory of Literature at the University of South Africa (Unisa), as well as SAVAL (Suid-Afrikaanse Vereniging vir Algemene Literatuurwetenskap/South African Association of Literary Studies) and as the previous editor of the *Journal of Literary Studies*. This overview of literary studies directs an important task that lies ahead, namely the recording of developments within comparative literary studies over the past 15 to 20 years for future generations.

## Inleidend

Uiteraard is my kennis van en waardering vir Andries Walter Oliphant onlosmaaklik verweef met sy funksie binne die Departement Algemene Literatuurwetenskap aan die Universiteit van Suid-Afrika (Unisa), asook sy ondersteuning van die vakvereniging SAVAL (Suid-Afrikaanse Vereniging vir Algemene Literatuurwetenskap) en die vaktydskrif *JLS/TLW: Journal of Literary Studies/Tydskrif vir Literatuurwetenskap*. In my hoedanigheid as vorige departementshoof, asook vorige voorsitter van die vakvereniging en redakteur van die vaktydskrif, skets ek gevolelik in hierdie bydrae in



Journal of Literary Studies

<https://unisapressjournals.co.za/index.php/jls>

Volume 38 | Number 2 | 2022 #12574 | 14 pages

<https://doi.org/10.25159/1753-5387/12574>

ISSN 1753-5387 (Online)

© The Author(s) 2022



Published by the Literature Association of South Africa and Unisa Press. This is an Open Access article distributed under the terms of the Creative Commons Attribution-ShareAlike 4.0 International License  
<https://creativecommons.org/licenses/by-sa/4.0/>

breë trekke die verloop en afloop van die oplewing in literêr-teoretiese benaderings tot literatuurstudie hier te lande vanaf die sewentiger- en tagtigerjare van die vorige eeu tot en met my aftrede by Unisa aan die einde van 2005, met besondere toespitsing, waar toepaslik, op Andries se aandeel in bepaalde inisiatiewe.

## Die aanbieding van literêre teorie op tersiêre vlak

In die sewentigerjare is die dissipline algemene literatuurwetenskap, oftewel literêre teorie, aan 'n aantal universiteite aangebied—van die voorheen Afrikaanstalige universiteite was daar byvoorbeeld selfstandige departemente van Algemene Literatuurwetenskap aan die destydse Universiteit van Port Elizabeth (UPE), die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (PU vir CHO) en die Universiteit van die Oranje-Vrystaat (UOVS). Die Departement *Comparative Literature* aan die Universiteit van die Witwatersrand (Wits) was die bekendste selfstandige literêr-teoretiese departement aan Engelstalige universiteite. Literêre teorie is egter ook dikwels as selfstandige dissipline binne 'n bestaande departement gehuisves—by Afrikaanstalige universiteite dikwels as deel van die vak Afrikaans-Nederlands en by Engelstalige universiteite as deel van die bestudering van die Engelse letterkunde. In enkele gevalle is 'n gemeenskaplike Departement Algemene Taal- en Literatuurwetenskap (ATLW) ingestel, soos byvoorbeeld aan die PU vir CHO.

Weens universiteitsbesture se toenemende aandrang op die rasionalisering van disciplines met kleiner getalle studente het pogings om algemene literatuurwetenskap aan universiteite aan te bied, gou onder druk gekom. Sogenaamde “rasionaliseringsoefeninge” het in die tagtigerjare aanleiding gegee tot 'n afskaling (soms as voorspel tot algehele afskaffing) van die aanbied van Europese tale soos Duits, Frans en Spaans en ook, onvermydelik, tot die uitfasering van teoretiese disciplines soos algemene taal- en/of literatuurwetenskap. Die destydse Universiteit van Port Elizabeth (UPE) se uitfasering van onder meer Algemene Literatuurwetenskap in 1980 het daarop neergekom dat al drie dosente wat die vak onderrig het, verplig was om te verskuif—prof. Marius Scholtz is aangestel in die Departement Algemene Literatuurwetenskap by UOVS, mev. Veronica Bowker is na die Departement Engels binne UPE oorgeplaas en ekself is ná 'n tydperk van twee jaar in die Departement Algemene Taal- en Literatuurwetenskap aan die PU vir CHO in 1984 by Unisa aangestel om die dissipline Algemene Literatuurwetenskap te vestig.

Die verskillende tradisies waaruit literêr-teoretiese komponente tot stand gekom het, word weerspieël in die benamings “algemene literatuurwetenskap” (in navolging van die Nederlandse algemene literatuurwetenschap, of die Duitse Allgemeine Literaturwissenschaft) en “literary theory/general literary studies of comparative literature” (in navolging van Anglo-Amerikaanse opvatting). Toe die vak dus in 1984 by Unisa ingestel is, waar dit weens die samestelling van die studente tweetalig aangebied moes word, het dit, aanvanklik binne die Departement Linguistiek en later ook as selfstandige departement, bekend gestaan as Algemene Literatuurwetenskap/*Theory of Literature*. Ná die herskikking van disciplines en

departemente in 2002, as voorspel tot die samesmelting van universiteite, kolleges en technikons (die nalatenskap van minister Kader Asmal), moes die departement saamsmelt met Afrikaans om die huidige Departement Afrikaans en Algemene Literatuurwetenskap te vorm. Die dosente wat deur die jare aangestel is, het sowel die Afrikaanstalige as Engelstalige tradisies verteenwoordig, met Annamaria Carusi en Adèle Tait wat byvoorbeeld hulle opleiding aan Wits se Departement *Comparative Literature* ontvang het.

Ná sy terugkeer uit die VSA, waar hy ingeskryf was vir gevorderde kursusse in *Comparative Literature* aan die Universiteit van Oregon, het Andries Oliphant in 1994 by ons departement aangesluit. Sy internasionale blootstelling aan 'n Amerikaanse universiteit het die internasionale literêr-teoretiese opleiding van departementslede verder verryk—Ina Biermann (Lancaster, Engeland), Marianne de Jong (Konstanz, Duitsland) en ekself (Rijksuniversiteit Utrecht, Nederland). Andries het ook gesorg vir 'n ander noodaaklike verruiming, naamlik 'n aksent op Afrika-literatuur en benaderings tot literatuurstudie deur Afrika-liternators. Buite die universiteit is hy betrek by die skryf van die Witskrif vir Kuns, Kultuur en Erfenisstudies en was hy voorsitter van die *Arts and Culture Trust* (ACT) wat deur President Mandela ingestel is.

Uiteraard was Andries se aanstelling 'n aanwins vir ons klein departement. Deur sy inisiatief is 'n program vir Kreatiewe Skryfkuns ingestel, met die bestaande voorgraadse literêr-teoretiese kursusse as deel van die sillabus—'n inisiatief wat beslis daartoe bygedra het dat belangstelling in algemene literatuurwetenskap beduidend toegeneem het. Marisa Keuris, later departementshoof van die saamgestelde Departement Afrikaans en Algemene Literatuurwetenskap, was die koördineerder van die program, terwyl Andries hoof was van die afdeling Algemene Literatuurwetenskap.

## Die Nederlandse tradisie

In die vyftigerjare het 'n groep Suid-Afrikaanse studente aan die Gemeentelike Universiteit van Amsterdam gestudeer. Merwe Scholtz, in samewerking met die bekende taalwetenskaplike W.G.S. Hellinga, het die beginsels en illustrasie van stilistiek op literêre grondslag ontwikkel. Scholtz (1950) se gepubliseerde proefskrif, "Sistematiese Verslag van 'n Stilistiese Analise, Eugène Marais 'Die Towneraars'" is volgens Louise Viljoen (2005, 157) 'n toonbeeld van die "mees noukeurige vorm van 'close reading' wat ons ooit in die Afrikaanse letterkunde gehad het," terwyl Wilhelm Liebenberg meen dat Scholtz "die Engelse 'close reading' met linguistiese en literatuurwetenskaplike insigte verryk en verder gevoer [het] om in Afrikaans die kuns van die 'baie-fyn lees' te vervolmaak" (Liebenberg, *Die Burger* 8 Julie 2004).

Vir Suid-Afrikaanse studente was N.P. van Wyk Louw egter ook in hierdie jare 'n trekpleister en verskeie bekende literatore het onder hom gepromoveer, waaronder Elize Lindes (later Elize Botha) en T.T. Cloete met proefskrifte getiteld *Veelheid en Binding: 'n Bydrae tot die Ondersoek van die Eenheidsprobleem in die Literatuurwetenskap* (Botha 1956) en *Trekkerswee en Joernaal van Jorik* (Cloete 1953) onderskeidelik.

Hierdie eerste generasie literatuurwetenskaplikes met 'n Nederlandse skoling (waaronder ook F.I.J. van Rensburg vermelding verdien) het met hulle terugkeer in Suid-Afrika die impuls verskaf waardeur die noukeurige bestudering van die enkelwerk jare lank 'n deurslaggewende paradigma in literatuurstudie was.

'n Volgende geslag navorsers het in die sewentiger- en tagtigerjare opleiding ontvang aan die Rijksuniversiteit, Utrecht se Instituut voor Theoretische en Vergelijkende Literatuurwetenschap. Verskeie Suid-Afrikaners wat hier doktorale eksamens afgelê het as voorbereiding vir promovering in Suid-Afrika, het met hulle terugkoms 'n deurslaggewende rol gespeel in die aanbieding en vestiging van literêr-teoretiese benaderings tot literatuurstudie—Leon Strydom, Ina Gräbe, Henriette Roos, Hennie van Coller, Helize van Vuuren, Fanie Olivier, Hein Viljoen, Wilhelm Liebenberg, ensovoorts. Hierdie Suid-Afrikaanse studente kon lesings bywoon van bekende baanbrekers op die terrein van die algemene literatuurwetenskap, soos onder meer H.P.H. Teesing, J.J. Oversteegen, J.C. Brandt-Corstius, Frank C. Maatje, Douwe Fokkema, Elrud Kunne-Ibsch en later ook Mieke Bal.

### **Stigting van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Algemene Literatuurwetenskap (SAVAL)**

Leon Strydom het die leiding geneem om die vakvereniging SAVAL op die been te bring. In 1978 het hy 'n groepie dosente, wat op daardie stadium by die formele onderrig van literêre teorie betrokke was, na Bloemfontein genooi vir daglange samesprekings oor die wenslikheid, al dan nie, van die stigting van 'n vakvereniging, die konsep vir 'n konstitusie van so 'n vereniging en die beplanning van 'n kongres.

Op die foto hieronder verteenwoordig die negetal dosente enkele universiteite wat op daardie stadium algemene literatuurwetenskap aangebied het—die destydse PU vir CHO (Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys), verteenwoordig deur prof. T.T. Cloete en mnr. Louis Venter; die destydse RAU (Randse Afrikaanse Universiteit), verteenwoordig deur mnr. H.C.T. Müller; die destydse UPE (Universiteit van Port Elizabeth), verteenwoordig deur prof. M.G. Scholtz, drs. Ina Gräbe, me. Veronica Bowker en mnr. Luc Renders; en die destydse UOVS (Universiteit van die Oranje-Vrystaat), verteenwoordig deur prof. Leon Strydom en mnr. Wium van Zyl.



SAVAL (1978):

Voor, van links na regs: Wium van Zyl, Ronnie Bowker, Ina Gräbe en Leon Strydom

Agter, van links na regs: Marius Scholtz, Louis Venter, Harri Müller, T.T. Cloete en Luc Renders

Op hierdie eerste byeenkoms was daar eenstemmigheid oor die noodsaak van 'n vakvereniging; daar is ooreengekom dat almal die geleentheid sou kry om die konsepkonstitusie rustig te bestudeer en na te dink oor 'n gepaste naam vir die vereniging. Daar is besluit om 'n eerste kongres in 1980 aan te bied, ten einde voldoende tyd vir behoorlike beplanning te verseker. Marius Scholtz het almal uitgenooi om die volgende jaar by UPE byeen te kom, waar die formaat van die kongres en die sprekers wat uitgenooi moes word, gefinaliseer is. Die stigting van SAVAL is tydens hierdie twee byeenkomste beplan; goedkeuring van die konstitusie en verkiesing van die eerste bestuur het egter eers tydens die eerste SAVAL-kongres plaasgevind.

### SAVAL-kongresse en kongresreferaatbundels

Die eerste kongres is in 1980 deur die Departement Algemene Literatuurwetenskap by UOVS aangebied. Die doelstelling en aard van die vereniging kan afgelees word aan literatuur-teoretiese beginsels wat Leon Strydom later, in die eerste nommer van die toe nog te stigte vaktydskrif, formuleer. Wat hy "kreatiewe literatuurwetenskap" noem, veronderstel volgens hom 'n bemoeienis met wetenskapsfilosofie waar daar twee perspektiewe geld: "dié van die literatuurteorie of filosofie van die literatuurwetenskap, en dié van die komparatisme of vergelykende literatuurondersoek" (Strydom 1985, 51). Hierdie teoretiese en vergelykende aard van die vereniging word in die samestelling van die program gereflekteer, waar referate deur akademici vanuit verskillende taledepartemente afgewissel is met 'n paneelbespreking deur bekende literêre figure, soos Hennie Aucamp, Lina Spies, Pieter Fourie en J.M. Coetzee.

Alhoewel al die stigterslede verbintenis gehad het met die Afrikaanse of Nederlandse letterkunde, en prof. T.T. Cloete heel gepas gevra is om 'n hoofreferaat te lewer, val dit op dat daar ook 'n bydrae was van prof. Peter Haffter, dosent in Romaanse Tale aan Unisa, wat Gérard Genette se seminale boek oor narratologie in 'n hoogs informatiewe lesing bekend gestel het. Hierdie boek was op daardie stadium nog slegs in Frans beskikbaar en vir kongresgangers wat moontlik reeds bewus was van Mieke Bal se Nederlandse studie oor verhaalteorie, geskoei op Genette se werk, was dit boeiend om die "oorspronklike" werk te vergelyk met dié van Mieke Bal.<sup>1</sup>

Aan die einde van die kongres is die konstitusie goedgekeur en die eerste SAVAL-bestuur verkies, met T.T. Cloete en Marius Scholtz as voorsitter en ondervoorsitter onderskeidelik. Ná afloop van die tweede kongres te Potchefstroom in 1982 is ek genader om my beskikbaar te stel as voorsitter. Ek het ingestem op voorwaarde dat Annette Combrink van die Departement Engels aangestel word as sekretaris-tesourier. Dit was die begin van 'n dekades-lange samewerking waar Combrink die persoon was wat toegesien het dat die kongresreëlings by verskillende plekke glad verloop. Sy het ook opgetree as "uitgewer" van die SAVAL-kongresrefate as deel van die rekord van spesifieke kongresse. Later het dit, jammer genoeg, te duur geword om sowel die kongresreferate as die tydskrif te publiseer.

In daaropvolgende kongresse is gepoog om die teoreties-vergelykende en insluitende aard van besprekings te handhaaf—nie net het dosente uit verskillende taledepartemente referate gelewer en aan besprekings deelgeneem nie, maar dikwels was filosowe (Johan Degenaar, Fanie de Beer, Bert Olivier) die inleiers van poststrukturalistiese en postmodernistiese teorieë. Enkele voorbeeld van resente tendense in die literatuurwetenskap word in kongrestemas gereflekteer—*Resepsie-Estetika* (1983 Bloemfontein), met 'n referaat deur Marianne de Jong (toe pas terug uit Duitsland) oor die relevansie, al dan nie, van Wolfgang Iser; *Dekonstruksie* (1985 Potchefstroom), met bydraes deur C.S. (Fanie) de Beer oor Jacques Derrida, André P. Brink oor dekonstruksie en kwantum-fisika en Marius Scholtz oor Derrida en John Miles; *Marxisme/ideologiekritiek* (1989 Potchefstroom), met referate deur Johan Degenaar oor Marxisme en dekonstruksie en Wilhelm Liebenberg oor die vraag oor wat 'n Marxistiese benadering tot die letterkunde sou behels; *Literäre Historiografie* (1993 Unisa), met onder meer 'n lewendige paneelbespreking oor Michael Chapman se toe pas verskene literatuurgeschiedenis van Suider-Afrikaanse letterkundes. Die kongres oor

---

1 Nog 'n dosent in die Departement Romaanse Tale aan Unisa, Jill Daugherty, publiseer in 1985, in die 2de uitgawe van die *Tydskrif vir Literatuurwetenskap*, 'n bekendstelling van Genette se opvolgboek, waarin laasgenoemde uitgebreid repliek lewer op al die reaksies wat op die eerste boek gevolg het—onder meer wys Genette daarop dat Mieke Bal sy teorie skeefgetrek het weens 'n foutiewe vertaling van 'n term wat betrekking het op die funksie van fokalisering (Daugherty 1985, 59–66). Heelwat later werp Wilhelm Liebenberg, in 'n lesing tydens 'n SAVAL-kongres by die Universiteit van Kaapstad in 1994, verdere lig op die onderwerp in 'n prikkelende lesing oor die verskille tussen, en moontlike versoening van, uiteenlopende opvattinge oor fokalisering by Genette en Bal. (Gepubliseer as "Fokalisering: Bottelnek of Filter?" in die *Tydskrif vir Literatuurwetenskap*, Liebenberg 1996: 187–206).

*Postmodernisme* (1988 Umhlanga) verdien vermelding, nie net omdat dit bygewoon is deur ongeveer 90 kongresgangers nie, maar ook omdat die tema belangstellendes uit diverse dissiplines gelok het, van literatuurstudie tot filosofie en van film tot argitektuur. In 'n persberig deur Hilda Grobler (*Tempo* 15 April 1988) word gemeld dat daar wye belangstelling was vir die driedaagse kongres en dat referate gelewer is deur "verskeie van die Republiek se bekendste akademici, soos proff. André P. Brink (Rhodes), Elize Botha (Unisa) en Johan Degenaar (Stellenbosch)."

Tereg wys Hein Viljoen (2020, 197) daarop dat die SAVAL-kongresse "... belangrike kanoniserende geleenthede" was om verskillende nuwe paradigmas aan die orde te stel. Dat hierdie kongresse inderdaad 'n beduidende en durende invloed op literatuurstudie hier te lande gehad het, word bevestig in 'n "boeiende gesprek" (Viljoen 2020, 193) waarin Piet Roodt gerigte vrae stel aan Elize Botha, Charles Malan en Joan Hambidge. Hierdie gesprek was 'n poging tot bestekopname van die Afrikaanse letterkunde en kritiek in die dekade van Tagtig. Dit is aanvanklik gepubliseer in 'n *Stilet*-uitgawe van 1991 en herdruk in die huldigingsnommer vir Joan Hambidge in 2020, vergesel van kommentaar deur Hein Viljoen.<sup>2</sup>

Van die gespreksgenote verteenwoordig Elize Botha, volgens Viljoen, "die ou, gevestigde generasie van kritici en literatore" (2020, 193)—'n belangrike figuur in teksgerigte literatuurstudie, was sy "op daardie tydstip 'n besonder gesaghebbende literator en openbare figuur" (Viljoen 2020, 193), wat vanuit 'n teksgerigte hoek 'n gesaghebbende mening oor die prosa van die tagtigerjare kon uitspreek. Dit val op dat die "kritiek van tagtig" vir Botha gekenmerk word deur "'n flirtasie met baie bewegings, baie soorte oriënterings" (Viljoen 2020, 174). Sy verwys in hierdie verband spesifiek na die referate wat tydens SAVAL-kongresse en minikongresse gelewer is om te beskryf "hoedat ons deur verskillende seisoene, deur allerlei vlae en golwe getref is in die tagtigerjare" (Viljoen 2020, 174).

Die tweede gespreksgenoot, Joan Hambidge, verteenwoordig die "jong, opstandige generasie van kritici" (Viljoen 2020, 195), wat volgens haar eie siening haar stempel as digter afgedruk het "binne die gay-letterkunde." Haar proefskrif, *Die Metaroman—'n Dekonstruksie-ondersoek*, wat sy in 1985 aan Rhodes verwerf het onder leiding van André P. Brink, is volgens Hein Viljoen (2020, 195) een van die eerste voorbeeld van dekonstruksie-kritiek in Afrikaans. Sy het in hierdie tydperk ook 'n belangrike funksie vervul deur resente literêr-teoretiese publikasies in 'n rubriek in *Die Vaderland* te resenseer, waardeur, soos sy dit stel, "boeke wat dikwels vir mense nog vreemd was, jargon wat vreemd was ... nou allemansgoed geword [het]" (Viljoen 2020, 179). Dit is nie verbasend dat Joan Hambidge, wat as gespreksgenoot die jonger teoreties geletterde letterkundedosent verteenwoordig, ook verwys na die belangrikheid van die stigting van SAVAL, wat tot gevolg gehad het "dat die Afrikaanse kritiek meer verwetenskaplik het. Met ander woorde, die Afrikaanse literêre kritiek het al hoe meer begin wegbeweeg van

2 Die aanvanklike artikel in *Stilet* (1991) is herdruk in *Stilet.Digital* 32 (1&2), Mei/September 2020. Bladsyverwysings het deurgaans betrekking op die 2020-herdruk.

’n intuïtiewe na ’n meer, miskien oordadige, wetenskaplike tipe of vorm van kritiek” (Viljoen 2020, 179). In hierdie verband wys sy ook op die aksentverskuiwing van ’n outonomistiese kyk na die literêre teks na ’n bewus wees van verskillende paradigmas, waardeur “die outonome utoriteit van die een, finale, utoritêre lesing ... by die deur uit [is]” (Viljoen 2020, 180). Hierdie tendens het geleid tot ’n intertekstuele benadering waardeur “Tekste ... nie meer gesien [is] as afgesluit in hulself nie, maar dat hulle heenwys na ’n groter of ’n breër tradisie” (Viljoen 2020, 180).

Die derde gespreksgenoot, Charles Malan, was ten tyde van die diskussie nie verbonde aan ’n universiteit nie, maar as eerste direkteur van die Sentrum vir Suid-Afrikaanse Letterkundenvorsing (SENSAL) was hy baie goed ingelig oor tendense in die Afrikaanse letterkunde en die literêre kritiek. Volgens Viljoen tree hy tydens die gesprek te voorskyn as verteenwoordiger van “’n jonger, opkomende generasie kritici ... as ’n kampvegter vir nuwe paradigmas in die Suid-Afrikaanse literatuurstudie, soos die resepsie-estetika, die sisteembenadering en kultuurstudie” (Viljoen 2020, 194). Vanuit SENSAL omskryf Malan sy fokus “dat daar sistemies, vergelykend en kontekstueel na die groter literêre toneel gekyk behoort te word” (Viljoen 2020, 186). As deel van hierdie wyer, literêr-sosiologiese en sistemiese benadering, is hy in hierdie jare ook ten nouste betrokke by SAVAL en word hy trouens deur die bestuur gevra om die eerste redakteur van die vaktydskrif te word. Hieroor merk Malan op: “Ek het die voorreg gehad om die *Tydskrif vir Literatuurwetenskap* aan die gang te kry, en die fassinerende nuwe teoretiese ontwikkelings en die jong SAVAL se werksaamhede daarin saam te trek—weer eens oor taalgrense heen” (Viljoen, *Stilet* 2020, 188).

### Affiliasie met die *International Comparative Literature Association* (ICLA)

Tydens sy Nederlandse studie het Leon Strydom, via Douwe Fokkema, kennis gemaak met die *International Comparative Literature Association* (ICLA), ’n samboreelorganisasie waarby partikuliere vakverenigings van verskillende lande geaffilieer is. Ook SAVAL is van die begin af by die ICLA geaffilieer, sodat een van die hoofvoordele van SAVAL-lidmaatskap terselfdertyd lidmaatskap van die ICLA ingesluit het. ’n Hele aantal Suid-Afrikaanse literatore het dan ook deur die jare die driejaarlikse ICLA-hoofkongresse bygewoon en uiteraard die geleentheid gehad om met verskeie literatuurwetenskaplikes en komparatiste regoor die wêreld te kommunikeer.

Gegewe die destydse politieke bedeling en die wêreldwye veroordeling van apartheid, was die bywoning van die ICLA-kongresse nie noodwendig sonder struikelblokke nie. In hierdie verband kan die 1985-hoofkongres in Parys—net ná P.W. Botha se Rubicon-toespraak—uitgesonder word. ’n Sestal Suid-Afrikaners het hierdie kongres bygewoon: Annette Combrink (PU vir CHO), Leon Strydom (UOVS), Chris Swanepoel en Ina Gräbe (Unisa), Reingard Nethersole (Wits) en Charles Malan (RGN). Tydens die Algemene Jaarvergadering was ons die teiken van aanvalle deur verskeie kongresgangers, met eise soos dat ons moet teruggaan en iets daadwerkliks doen om

Nelson Mandela vrygelaat te kry. Op advies van verskeie van ons vriende, wat voorafkennis van die beplande protesmosie gehad het, het ons nie self aan die besprekking deelgeneem nie en die aanvanklike mosie wat slegs op die Suid-Afrikaanse afvaardiging gemik was, is uiteindelik deur die algemene vergadering gewysig tot 'n algemene beginsel in plaas van 'n aanval op die verteenwoordigers van 'n spesifieke land. Jare later verwys Chris Swanepoel (1997), wat intussen aangestel is as Subdekaan van Tale by Unisa, na hierdie gebeure in sy formele uitnodiging aan die President van die ICLA, prof. Gillespie, om die 2000-kongres by Unisa aan te bied: "It will be an occasion to celebrate the first five years of democratic rule in South Africa, an ideal the ICLA has always supported (notably during its Paris Congress in 1985)." Voorts beklemtoon hy in hierdie skrywe die taaldiversiteit in Suid-Afrika:

Hosting the ICLA 2000 will be an occasion to celebrate the pronounced emergence of the literature in Afrikaans (Van Wyk Louw, Jonker, Cussons, Brink, Breytenbach), South African English (Schreiner, Plaatje, Gordimer, Mphahlele, Coetzee), in tandem with the germination of African-language writing in nine languages (Mqhayi, Mofolo, Nyembezi, Monyaise, Matsepe, Maumela, Mtombeni, Mkhatshwa, Skhozana)—one of the most significant cultural developments in the Southern Hemisphere this century. (Swanepoel, Faculty of Arts, Office of the Dean, 1 August 1997).

Die geleentheid om die 16de ICLA-kongres by Unisa in Augustus 2000 aan te bied, het 'n lang aanloop gehad. Tydens die 1994-kongres in Edmonton het Charles Malan en Ampie Coetzee voorgestel dat ons by die jaarvergadering moet aandui dat ons die 2000-kongres in Suid-Afrika wil aanbied. Dit was die begin van 'n jarelange proses voordat die ICLA-hoofbestuur besluit het om SAVAL se bod te aanvaar (ons het meegeging met die Italianers en veral die Chinese). Voordat SAVAL toegelaat is om 'n bod vir die aanbieding van die kongres voor te lê, het 'n afvaardiging van die ICLA-hoofbestuur Unisa in 1995 besoek. Naas 'n daglange seminaar by Unisa, het SAVAL hierdie vyfstuks besoekers en die gades van proff. Gillespie en Nemoianu onder meer ook vir 'n uitstappie na die Pilanesberg-wildtuin geneem. Al het die geselskap die wildtuin eers baie laat bereik en al was dit 'n bitter koue nag wat die ICLA-verteenwoordigers tydens hierdie uitstappie in tente moes trotseer, het SAVAL nietemin die bod om die 2000-kongres te kan aanbied, formeel gewen nádat daar tydens die Leiden-kongres in 1997 op die algemene jaarvergadering daaroor gestem is. Om 'n ICLA-hoofkongres te kon aanbied, was inderdaad 'n hoogtepunt en die uitvloeisel van die dekades-lange affiliasie van SAVAL by die ICLA.

Dit was ook die resultaat van onderlinge samewerking, steeds "oor taalgrense heen," tussen literatore van verskeie universiteite hier te lande. Binne Unisa kon ek nie net staatmaak op die samewerking van die Subdekaan vir die Subfakulteit Tale, prof. Chris Swanepoel nie, maar ook op die samewerking van dosente binne partikuliere taledepartemente. Trouens, een van die hoofredes wat aangevoer kon word waarom die 2000-kongres juis by Unisa aangebied moes word, was die verskeidenheid kursusse wat op daardie stadium in die Subfakulteit Tale aangebied is. Benewens klassieke (Grieks, Latyn) en moderne Europese (Afrikaans, Engels, Duits, Frans, Italiaans, Portugees,

Spaans), Oosterse (Russes, Mandaryns) en Afrikatale (Nguni- en Sothotale) het die subfakulteit ook twee selfstandige teoretiese departemente gehuisves, naamlik Linguistiek/*Linguistics* en Algemene Literatuurwetenskap/*Theory of Literature*. Die voorgestelde program vir die kongres was grotendeels die breinkind van prof. Reingard Nethersole, hoof van die Departement *Comparative Literature* aan die Universiteit van die Witwatersrand (Wits). Dit het bestaan uit drie dele:

1. 'n Hoofafdeling waar verskillende aspekte van die tema van die kongres, *Transitions and Transgressions in the Age of Multiculturalism*, in sewe onderafdelings benader is, naamlik i) *Comparative Literature in the Age of Multiculturalism*; ii) *Transgressing and Traversing Continental Boundaries*; iii) *Transgressing Cultural, Ethnic and Racial Borders, Boundaries, Limits and Traditions*; iv) *Transgressing Gendered Stereotypes*; v) *Temporal Transition: What was the Past; What will the Future Be?*; vi) *Transgression and Transition of Genre and Media*; en vii) *Transgression and Transition of Information Technology*. Die verskillende afdelings van die hooftema het elk 'n sameroeper gehad wat verantwoordelik was vir die keuring van referaatvoorstelle en die indeling van die program—proff. Reingard Nethersole (*Comparative Literature*, Wits), John Noyes (Engels, UCT), Ampie Coetzee (Afrikaans-Nederlands, UWC), Merle Williams (Engels, Wits), Gerrit Olivier (Afrikaans-Nederlands, Wits) en Hein Viljoen (Algemene Taal- en Literatuurwetenskap, PU vir CHO).
2. Besprekings om 'n ronde tafel, oftewel "*Round Tables*" is deur enkele buitelandse besoekers aangevra.
3. 'n Besondere aspek van die kongres was 'n werkswinkel wat 'n week voor die kongres vir doktorale studente aangebied is. Andries Oliphant het hierdie afdeling behartig, waarvoor hy, in sy hoedanigheid as voorsitter van die presidensiële *Arts and Culture Trust* (ACT) ondersteuning vir die program kon beding. Mnr. Roger Jardine, die Direkteur-Generaal van die Departement van Kuns, Kultuur, Wetenskap en Tegnologie, het die ondersteuning van die werkswinkel in 'n skrywe aan prof. Gerald Gillespie, die President van die ICLA, formeel bevestig: "We support the organisers' initiative in creating an opportunity for advanced students of literature to participate in the programme envisaged for the ICLA Congress" (Departement van Kuns, Kultuur, Wetenskap en Tegnologie, 11 Augustus 1997).

By nabetragsing het die aanbied van die kongres grotendeels goed verloop—ongeveer 500 kongresgangers kon op Unisa se Sunnyside-kampus geakkommodeer word, verwisseling tussen sessies het vlot verloop en onthale aan die begin en einde van die kongres is goed ontvang. Een haakplek kon ongelukkig nie uitgestryk word nie—van die beoogde ses volumes kon daar weens 'n sameloop van omstandighede uiteindelik slegs drie kongresreferaatbundels deur Unisa uitgewers gedruk word. Uiteraard was dit my taak as hooforganiseerde van die kongres om toe te sien dat 'n volledige rekord van die kongres gepubliseer word.

Samewerking tussen SAVAL en die ICLA is beslis as gevolg van die aanbied van die kongres verstewig—ná afloop van die Leiden-kongres in 1997 is ek, as organiseerde van die volgende hoofkongres, op die ICLA-hoofbestuur verkies en omdat die Hong Kong-kongres uitgestel moes word (weens 'n Sars-virus) is die twee termyne van drie jaar lank met 'n jaar verleng; daarna het Andries Oliphant twee termyne en Hein Viljoen een termyn op die ICLA-hoofbestuur gedien. Nog 'n uityloeisel van die ICLA-kongres by Unisa was dat ek in 2008 deur een van die Indiese kongresgangers na Wardha genooi is om die leerstoel vir *Comparative Literature* aan die Gandhi Internasionale Universiteit in te stel.

## *Journal of Literary Studies/Tydskrif vir Literatuurwetenskap (JLS/TLW)*

### **Bestuur en administrasie**

Een van die belangrikste inisiatiewe deur die SAVAL-bestuur was ongetwyfeld die stigting van 'n eie vaktydskrif om as mondstuk van die vereniging te dien. Hierdie besluit is tydens 'n bestuursvergadering ná afloop van die 1982-kongres op Potchefstroom geneem en nadat Charles Malan ingewillig het om die eerste redakteur te word, kon die eerste uitgawe van die tweetalige *Journal of Literary Studies/Tydskrif vir Literatuurwetenskap (JLS/TLW)* in 1985 gepubliseer word. Die vestigingsjare van die tydskrif is gekenmerk deur die betrokkenheid van instansies buite die universiteitswese—SENSAL het die administratiewe bestuur behartig (prosessering van artikels, samestelling van die uitgawes, proeflees, ensovoorts), terwyl HAUM-Literêr die publikasie van die tydskrif vir 'n paar jaar geborg het. In hierdie verband merk Hein Viljoen (2020, 198) tereg op dat HAUM-Literêr onder leiding van Hettie Scholtz en Marietjie Coetzee gefunksioneer het as “die op en wakker literêre been van die opvoedkundige uitgewery HAUM.”

Charles Malan was ongetwyfeld 'n redakteur wat sy taak met ywer en visie aangepak het, soos blyk uit die redaksionele nota in die heel eerste uitgawe:

*TLW* is die eerste Suid-Afrikaanse literêr-teoretiese tydskrif wat aan die studie van die literatuur oor taalgrense heen gewy word. Dit is die mondstuk van SAVAL (Suid-Afrikaanse Vereniging vir Algemene Literatuurwetenskap), wat soos die tydskrif, 'n forum wil bied vir 'n teoretiese besinning oor die aard en bestudering van literêre tekste uit verskillende literature. Binne 'n Suid-Afrikaanse konteks word gekonsentreer op die letterkundes van die belangrikste inheemse tale, binne 'n internasjonale konteks word gepoog om 'n aantal moderne en klassieke tale te betrek. Die belangrikste bron vir bespreking in *TLW* sal nietemin steeds internasjonale en plaaslike strominge binne die literatuurteorie wees. (Malan, *TLW* 1 (1), Januarie 1985)

Die naam van die tydskrif reflekter nie slegs die amptelike tale op daardie stadium nie, maar die verskil in konnotasie tussen “literatuurwetenskap” en “literary studies” en dui terselfdertyd op onderskeibare internasjonale strominge, te wete die Europese (Duitse en Nederlandse) teenoor Anglo-Amerikaanse benaderings. Die redaksiekomitee het, benewens Charles Malan as redakteur, bestaan uit J.M. Coetzee (UCT), Ina Gräbe

(Unisa) en Rory Ryan (Unisa) (lg. as resensierедакteur). Die redaksie is versterk deur 16 redaksionele medewerkers van sowel Afrikaanstalige as Engelstalige universiteite; die internasionale redaksieraad het bestaan uit agt teoretici uit sowel die Europese as die Anglo-Amerikaanse skole.

Die onttrekking van HAUM-Literêr se borgskap het min of meer saamgeval met die verwisseling van redakteurs nadat die SAVAL-bestuur tydens die Umhlanga-kongres in 1988 besluit het om die administratiewe en akademiese funksies van die redaksie gedeeltelik te skei—Ina Gräbe (Algemene Literatuurwetenskap) en Rory Ryan (Engels) is aangestel as gesamentlike redakteurs. Terselfdertyd is die geledere van die vier mederedakteurs—André P. Brink (RU), Peter Haffter (Unisa), Stanley Ridge (UWC) en Marius Scholtz (UOVS)—versterk deur Charles Malan (SENSAL). Daar is van tyd tot tyd toevoegings aan die kategorie van mederedakteurs aangebring wanneer vaktures ontstaan het—Hein Viljoen (PU vir CHO 1990). In 1995 is die redaksiestruktuur gewysig deurdat Ina Gräbe as hoofredakteur bygestaan is deur drie assistent-redakteurs—Annamaria Carusi (Unisa), Andries Oliphant (Unisa) en Hein Viljoen (PU vir CHO); in 2000 is daar weer 'n verstelling in die redaksiekomitee aangebring toe Annamaria Carusi versoek het om slegs as redaksionele medewerker diens te doen en Rory Ryan teruggekeer het tot die kernredaksie as een van die assistent-redakteurs. Aan die begin van 2006 is Andries Oliphant aangestel as redakteur.

Sedert 1988, ná die onttrekking van HAUM-Literêr en die verwisseling van redakteurs, is die administratiewe bestuur van die tydskrif de facto binne Unisa se Departement Algemene Literatuurwetenskap gesetel. Alhoewel daar begin is om bladgelde te hef ten einde koste te bespaar, het die onttrekking van die borgskap my genoodsaak om die Viserektor van Navorsing aan Unisa te versoek om die publikasie van 'n navorsingstydskrif te ondersteun—Unisa het op daardie stadium hoofsaaklik tydskrifte uitgegee wat binne departemente saamgestel en as bykomende studiemateriaal aan studente beskikbaar gestel is. Gelukkig het hoëvlaknavorsing kort daarna deel gevorm van die subsidie aan universiteite. Die tydskrif het intussen nasionale akkreditering verkry en toestemming is verleen dat Unisa die tydskrif sou druk, op voorwaarde dat kameragereedkopie gelewer word. Hiervoor het die universiteitsbestuur die ekwivalent van 'n junior lektoraat bewillig sodat 'n administratiewe beampete die kameragereedkopie kon voorberei. Hierdie taak word al jare lank deur Ilse Muller behartig. Unisa druk ook steeds die tydskrif, met dié verskil dat sedert Andries Oliphant in 2006 die leisels as redakteur oorgeneem het, *JLS/TLW* toegevoeg is tot 'n uitgesoekte groep vaktydskrifte wat gesamentlik deur Unisa en Taylor & Francis, 'n filiaal van Routledge, uitgegee is. In 2021 is die uitgewersooreenkoms met Taylor & Francis beëindig sodat die tydskrif nie meer agter 'n betaalmuur funksioneer nie (as deel van die ooptoegang-beweging). Vanaf die begin van 2022 word die tydskrif slegs in elektroniese vorm beskikbaar gestel. 'n Belangrike mypaal wat intussen bereik is, is dat die tydskrif internasionale indeksering by Web of Science, Scopus, SciELO en DOAJ verkry het. Dit is verblydend om te sien hoe die tydskrif van 'n entoesiastiese—maar klein—begin steeds gedy en oor die jare in aansien toegeneem het.

## Inhoudelike beplanning van uitgawes

JLS/TLW het van die begin af bydraes uit verskillende letterkundes van verskillende universiteite ontvang, insluitende bydraes uit die buiteland. Algaande is verreweg die meerderheid bydraes in Engels gepubliseer namate die druk op Afrikaans as wetenskapstaal—as deel van die transformasie van die tersiêre landskap ná die politieke veranderinge rondom 1994—toegeneem het. Alhoewel kongresse, soos die jaarlikse SAVAL- en driejaarlikse ICLA-kongresse, 'n goeie voedingsbron vir bydraes was, is baie bydraes ook onafhanklik gewerf of ontvang.

Benewens spesiale kongrestemas wat in die geheel of gedeeltelik verwerk is vir publikasie in die tydskrif, het die redaksie ook, onafhanklik van SAVAL- of ICLA-byeenkomste, gefokus op temanommers wat deur genooidie gasredakteurs versorg is. Sodoende kon verskeie ontwikkelinge en gesigspunte in teoretisering oor die literatuur- en kultuurstudie belang word: *Psychoanalysis and Literature* 6(1&2), Junie 1990, met Susan van Zyl, Kommunikasie (Wits) as gasredakteur; *Current and Future Options: University Language and Literary Studies in South Africa* 8(3&4), Desember 1992, met Teresa Dovey, Engels (Rhodes) as gasredakteur; *The First International Conference on Women in Africa and the African Diaspora: Bridges Across Activism and the Academy* 9(1), Maart 1993, met Betty Welz, Vrouestudies (Unisa), Gertrude Fester, Hewat College of Education (Kaapstad) en Hlengiwe Mkhize, Sielkunde (Wits) as gasredakteurs; *Narratology en Verhaalteorie* 9(3&4), Desember 1993, met Heilna du Plooy, Afrikaans-Nederlands (PU vir CHO) as gasredakteur; *Reading/Writing* 10(1), Maart 1994, met Ulrike Kistner, *Comparative Literature* (Wits) as gasredakteur; *Literêre Historiografie* 10(3&4), Desember 1994, met Helize van Vuuren, Afrikaans-Nederlands (UPE) as gasredakteur; *Drama* 12(4), Desember 1996, met Marisa Keuris, Algemene Literatuurwetenskap (Unisa) as gasredakteur; *Politics of the Novel* 13(1&2), Junie 1997, met Mike Marais, Engels (RAU) as gasredakteur; *Koloniale Diskoers en Postkoloniale Teorie* 14(1&2), Junie 1998, met Louise Viljoen, Afrikaans-Nederlands (US) as gasredakteur; *American Studies* 15(1&2), Junie 1999, met Lesley Marx en Loes Nas, Engels (UCT) as gasredakteurs; *Stylistics* 15(3&4), Desember 1999, met Ina Biermann, Algemene Literatuurwetenskap (Unisa) en Hilton Hubbard, Linguistiek (Unisa) as gasredakteurs.

## Ten slotte

Uit hierdie bestekopname van literêr-teoretiese temas wat in kongresreferate of vakwetenskaplike artikels tereggekom het, blyk die beduidende en durende invloed van die vakvereniging SAVAL en die *Tydskrif vir Literatuurwetenskap* op literatuurstudie hier te lande—en dit ten spyte van 'n veranderde en steeds veranderende tersiêre landskap. Dit was verrykend om betrokke te kon wees by die vestiging van 'n dissipline, die stigting van 'n vakvereniging en die totstandkoming van 'n vaktydskrif. Dit is terselfdertyd verblydend om te kan waarneem dat literêr-teoretiese navorsing steeds bepalend is vir benaderings tot literatuurstudie, sy dit dan meesal nie meer in selfstandige departemente nie. Die heroriëntasie van SAVAL tot LASA en die sigbaar

verhoogde internasionale trefkrag van die *Tydskrif vir Literatuurwetenskap* behoort geboekstaaf te word in besinning oor en bestekopname van aksentverskuiwings die afgelope 15 tot 20 jaar. Overgesetsynde: Hein Viljoen en Andries Oliphant—onderskeidelik die vorige voorsitter van SAVAL en die vorige redakteur van *JLS/TLW*—behoort die volgende aflewering in die “geskiedenis” van teoretiese en vergelykende literatuurwetenskap/literêre teorie/*comparative literature* vir die nuwe generasie literatuurwetenskaplikes te boekstaaf.

## Outobiografie

Prof. Ina Wolfaardt-Gräbe was tot en met haar aftrede lid van die Departement Afrikaans en Algemene Literatuurwetenskap aan Unisa. Sy is 'n voormalige redakteur van die *Tydskrif vir Literatuurwetenskap* en is tans hoofredakteur van *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*.

## Verwysings

- Botha, Elize. 1956. *Veelheid en Binding*. Amsterdam: Noord-Hollandsche Uitgevers Maatschappij.
- Cloete, T. T. 1953. *Trekkerswee en Joernaal van Jorik*. Amsterdam: Swets & Zeilinger.
- Daugherty, Jill. 1985. “Genette Revisited.” *Journal of Literary Studies* 1 (2): 59–66. <https://doi.org/10.1080/02564718508529753>.
- Liebenberg, Wilhelm. 1996. “Fokalisering: Bottelnek of Filter?” *Tydskrif vir Literatuurwetenskap* 12 (1/2): 187–206. <https://doi.org/10.1080/02564719608530133>.
- Liebenberg, Wilhelm. 2004. “Merwe Scholtz op 80.” *Die Burger*, 8 Julie 2004.
- Scholtz, Merwe, 1950. *Sistematiese Verslag van 'n Stilistiese Analise: Eugène Marais Die Townares*. Pretoria: HAUM.
- Strydom, Leon. 1985. “'n Kreatiewer Literatuurwetenskap?” *Tydskrif vir Literatuurwetenskap* 1 (1). <https://doi.org/10.1080/02564718508529742>.
- Swanepoel, Chris. 1997. “Letter to the President of the ICLA.” University of South Africa, Faculty of Arts, Office of the Dean, 1 August 1997.
- Viljoen, Hein, 2020. “Kontekstualisering: Boeiende Terugblik op 'n Woelige Dekade.” *Stilet* 32 (1&2): 173–181.
- Viljoen, Louise. 2005. “In Memoriam: Merwe Scholtz (1924–2005).” *Tydskrif vir Letterkunde* 42 (2): 157. <https://doi.org/10.4314/tvl.v42i2.29703>.